

Ons gemeenteblyd "Op die Kerkwerf" verskyn elke Sondag elektronies op die webwerf [www.gkpotchefstroom.co.za](http://www.gkpotchefstroom.co.za)

## VAN ONS DIAKONIE

**KOLLEKTES: Vandag en elke Sondag: Onder die erediens vir Barmhartigheid.**

**Vanoggend** by die deure vir die **Bystandsfonds vir Diakonieë. SDDS**  
Vanaand: **Diens van Barmhartigheid en Kerkkas.**

**Die spesiale kollektes in September gaan vir:**

Sondag 6 September Jeugsorg

Sondag 13 September **Bystandsfonds vir Diakonieë. SDDS**

Sondag 20 September Uitdra van Evangelie

Sondag 27 September Emeritaatsfonds

### Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.** **Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

U kan u bydraes ook eenkant sit en dan in een bedrag bydra wanneer ons gewone erediens weer voortgaan.

Daar is ook **lidmate** in ons gemeente wat in hierdie tyd **geen inkomste** het nie. Dit mag van die diakonie nog meer hulp vra as gewoonlik. Hou asb u wyksdiaken en/of die voorsitter van die diakonie Johan Viljoen op hoogte van enige behoefte in hierdie tyd. Ons is die een liggaam van Christus wat in sy liefde na mekaar moet omsien.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.** 680 280 002 (ABSA)

Kerkraad : **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblyd van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom  
Jaargang 36, nr 35 Sondag 13 September 2020

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422

[rudynell@telkomsa.net](mailto:rudynell@telkomsa.net)

Eredienste: 09:30 en 18:00

Hulpprediker: Prof Callie Coetzee 082 337 7951

Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 Koster Pieter Bouwsema 082 923 1384

Orrelis: Magda Pelsers-van der Merwe 079 872 2516

E-posadres: [kantoor@gkpotchefstroom.co.za](mailto:kantoor@gkpotchefstroom.co.za)

Web: [www.gkpotchefstroom.co.za](http://www.gkpotchefstroom.co.za)

**Diensbeurte by erediens.** Ouderlinge van wyke A1 en A2: **Wyk A1 is Gert Jacobs en wyk A2 is Frikkie Venter.**

Diakens: Wyke A1 Johan Viljoen is en A2 is vakant.

**EREDIENSTE** Sondag Oggenddiens prof Henk Stoker.  
Aanddiens prof Callie Coetzee

*Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers*

Lidmate kan die preek op ons whatsapp-groep **GK Potchefstroom preke** en ook op internet [www.gkpotchefstroom.co.za](http://www.gkpotchefstroom.co.za) volg.

Die Woordverkondiging word vanoggend waargeneem deur Prof Henk Stoker. Ons bid hom die seën van die Here toe op die prediking.

**Die aanddiens** word gelei deur **prof Callie Coetzee.**

Liturgie: Ps 121; Matt 6; H K Sondag 9; Ps 33:1, 5; Sb 17 (17/1): 1, 5; Ps 68:9.

## LIEF EN LEED

Ons hartlike gelukwensing aan Mossie Kroep vir wie daar die afgelope week 'n kleindogter gebore is. Mag die Here hierdie verbondskindjie en haar dierbares ryklik sien.



**Annatjie Coetzee** 082 810 1946 Ons dank die Here vir beterskap by die seun en skoondogter van Annatjie Coetzee, wat albei die korona virus opgedoen het.

**Leone Malan** 073 376 5321 sterk tuis aan na haar rugoperasie . Ons dank die Here dat dit so goed afgeloop het en bid haar sterkte toe vir die herstelproses.



Die oogoperasies van Susan Nortje het goed afgeloop en ons is saam met haar en Koos dankbaar teenoor ons hemelse Vader.

**Magda Viljoen** 061 908 0631 Magda Viljoen begin D V op 21 September met chemoterapie behandeling. Ons bid haar krag en genade toe en dra ook vir Hennie en die dogters aan ons hemelse Vader op.



**Sonja Venter** 072 776 3700 Sonja Venter ondergaan D V weer op 16 September chemoterapie. Ons dink steeds aan haar en Tinus en hulle dierbares in ons gebede, en ook aan Sonja se pa wat ook met kanker gediagnoseer is. Ons doen ook weer 'n beroep op bydraes vir die fonds wat die breë kerkraad begin het om vir Tinus en Sonja by te staan met die hoë mediese uitgawes. Enige bydrae is welkom en kan in die diakonie se rekening inbetaal word, waarvan die nommer in "Op die Kerkwerf" verskyn. Ons vra ook dat u die fonds aan familie en kennisse buite ons gemeente bekendstel wat moontlik 'n bydrae kan maak. Dui asb net duidelik aan dat die bydrae bedoel is vir die Mediese hulpfonds. Ons innige dank aan lidmate en persone/instansies buite ons gemeente wat reeds 'n bydrae gemaak of beloop het. Mag ons Here in sy genade hierdie fondsinsameling ook verder ryklik sien.

Ons doen ook weer 'n beroep om bydraes vir die fonds waarmee die breë kerkraad begin het om vir Tinus en Sonja by te staan met die hoë mediese uitgawes. Enige bydrae is welkom en kan in die rekening van die diakonie inbetaal word, waarvan die nommer in "Op die Kerkwerf" verskyn. Ons vra ook dat u die fonds bekendstel by familie en kennisse buite ons gemeente wat moontlik in die vermoë is om 'n bydrae te kan maak. Ons innige dank aan lidmate en persone/instansies wat reeds 'n bydrae gemaak of beloop het. Mag die Here in sy genade hierdie fondsinsameling ook verder ryklik sien.

Ons versoek dat lidmate enige gevalle van siekte of ander besondere omstandighede onder die aandag sal bring van u wyksouderling/ diaken en Prof Callie 082 337 7951 of [callie.coetzee@nwu.ac.za](mailto:callie.coetzee@nwu.ac.za)

### BYBELSTUDIE

Die Bybelstudie by **Huis Eikelaan** DV Dinsdagmiddag om 15:00 in die saal.

### KATEGESE

**Sondag 13 September** moet julle Les 21 en Psalm 32: 1A ken.

**Maandag 14 September** lees Hoofstuk 26 van *Laat my lammers wei*.

Die katkisasie vir die katkisasante van Graad 10 en 11 Woensdagmiddag in die Ou Kerkie.

**Sondag 20 September** geen kategeese.

## VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae hierdie week. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees



- 13 Sept **Frank van der Kooy**, MC Roode 531, ☎ 072 207 9188. Wyk E4
- 14 Sept **Christa Kruger**, Berts Bricksweg 55, ☎ 018 292 1299. Wyk E3
- 15 Sept **Quintin Venter**, Molenstraat 112, ☎ 082 779 9005. Wyk D3
- 16 Sept **Ansu Berg**, Adrinawoonstel 202, ☎ 082 332 7542. Wyk A2
- Sybrand v d Merwe**, Peplerstraat 13, ☎ 082 448 6977. Wyk E1
- 17 Sept **Jeanette Fourie**, Lungilewoonstel 7, ☎ 072 713 7747. Wyk A5
- Emma Jooste**, Sol Plaatjiesstraat 131. Wyk E3
- Rudy van der Spoel**, Nieuwestraat 16, ☎ 082 864 4422. Wyk B1
- 18 Sept **Gerda Bouwsema**, Peplerstraat 13, ☎ 076 752 5048. Wyk E1
- 19 Sept **Elsa du Toit**, Gaisfordstraat 31, ☎ 061 870 3680. Wyk E4

Die preke van elke Sondag, sowel as die oordenkings elke Dinsdag en Vrydagoggend word op WhatsApp en ook op die webwerf uitgestuur. Laat weet asseblief vir Malie 072 373 7361 as u enige probleme ondervind om daarna te luister.

## VAN DIE KERKRAAD EN DIAKONIE

### KASSIERSVERSLAG VIR DIE TYDPERK 01 Maart 2020 tot 31 Aug 2020

OPSOMMING	WERKLIK	BEGROOT	VERSKIL
Inkomste	933,653.57	1,049,016.00	-115,362.43
Uitgawes	-709,360.02	-1,144,074.00	434,713.98
Surplus	224,293.55	-95,058.00	319,351.55
<b>Banksaldo op 10 Sept 2020</b>			<b>R350,468.30</b>

Die groot surplus is te wyte aan die feit dat ons nie nou 'n predikant het wat versorg moet word nie.

Lidmate wat nog kontantbydraes het, kan dit afgee by Klaas Wyma se kantoor (Spruitstraat 76 - selnr 084 802 3707) of huis (Beyers Naudéstraat 180 - Malie 072 373 7361) of by Rudy van der Spoel (Nieuwestraat 16).

#### Hervatting van eredienste

Die breë kerkraad het besluit dat daar vanaf 20 September weer met die eredienste op Sondag begin word. Voorlopig sal daar net een diens wees wat deur 50 lidmate in die kerk en 50 in die saal bygewoon mag word. Malie Wyma sal aandui watter lidmate in die kerk en watter in die saal toegelaat gaan word.

Die elektroniese uitsendings van hierdie diens, sowel as die Woordverkondiging Sondagaande sal steeds voortgaan.

Die volgende praktiese reëlings is baie belangrik: Vir die diens op 20 September kan lidmate van die A wyke hulle name by Malie Wyma by die kerkkantoor opgee tussen 08h00 en 13h00 van Maandag tot Woensdag. Die nommer van die kerkkantoor is 018 294 4600. Malie se selnummer is 072 373 7361 Van Donderdag tot Vrydag tussen 08h00 en 13h00 kan lidmate uit die ander wyke hulle name opgee totdat die getal vol is.

Wat die erediens self betref, sal slegs van die westelike ingang gebruik gemaak word by die kerk en die agterste glasdeur van die saal verste van die kerk af.

Lidmate moet daar aanmeld sodat hulle koors gemeet kan word en hulle hande gesteriliseer word. Die name word ook afdonk. Lidmate moet maskers dra en dit dwarsdeur die diens op hou. Gesinne/egpare mag wel bymekaar sit, maar ander lidmate moet ten minste 1.5 meter uitmekaar sit. Die banke in die kerk sal duidelik gemerk wees.

Lidmate wat enige "griepsimptome" het, moet asseblief nie die erediens bywoon nie. Na afloop van die erediens sal al die deure oop wees vir lidmate om uit te gaan. Lidmate moet asseblief nie op die kerkterrein vertoef na die diens nie.

Die kerkisasie vir die dooplidmate word steeds deur die ouers tuis behartig tot nadere kennisgewing.

Kollektes word by die deure deur die lidmate in die sakkies/houers geplaas wanneer hulle die kerk of die saal verlaat.

Die ouderlinge wat op 20 September op diens is, is ouderlinge Chris Van Ryssen en Koos Roos, en die diakens Johan Viljoen en Rudy Van der Spoel.

## VAN ALLES EN NOG WAT

Die Bestuur van die Administratiewe Buro benodig 'n persoon [lidmaat] met korporatiewe regsagtergrond, wat kan help en wie bereid sal wees om op die Bestuur te dien en/of hiermee behulpsaam sal wees.

Hy/sy moet bereid wees om die Bestuur by te staan met advies/raad om te bepaal aan watter regulatoriese vereistes die Admin Buro moet voldoen en om te verseker dat die Admin Buro aan alle toepaslike wetgewing voldoen.

Stuur asseblief voor 20 September 2020 name en kontaknummers deur aan dr Wymie du Plessis by [wymiedup@gksa.co.za](mailto:wymiedup@gksa.co.za) of 083 575 5786.\

### 79. Omgewingspitkos

Die woordjie LIG kom dwarsdeur die Bybel voor in sy natuurlike en geestelike gebruik. Want na die sondeval in die paradys se verskriklike donkerte oor God se skepping in die vorm van 'n vervreemding van God, het die skitterglans van God se heerlijkheid die duisternis (sonde en satan se versinnebeelding) se onsekerheid verdryf. Soos wat sonlig lewe op aarde onderhou, so is God die Lewe. Menige profesie (Joël 2:31, Sag 14:6, Mat 24:29-30, Openb 21:23) oor die natuurlike ligte (son, maan en sterre), sinspeel op die vernietigende oordeel van God by die eindtyd op hierdie aarde. Dit terwyl die verbondsreënboog behoue bly rondom die troon van God (Openb 4:3) in 'n bestaan waar ons uit God en deur God sal lewe.

Die preke van elke Sondag, sowel as die oordenkings elke Dinsdag en Vrydagoggend word op WhatsApp en ook op die webwerf uitgestuur. Laat weet asseblief vir Malie 072 373 7361 as u enige probleme ondervind om daarna te luister.